

# KAMMANUUS

Nommer 388

8 Desember 2014

'n Publikasie van Onsdorp.com.

## TOULEIER



ANDERKANT DUSKANTLAND

## Lesotho se linksom en regsom beeste

Hoofstuk I, Deel xiiii

**P**ROVENCE blaf vrouhaftig vir die kring beeste wat naderstaan om te kyk watse wit wollerige dingetjie is dit wat geluide maak nes 'n hond. Toe die een koei egter haar poot so een keer hard neersit met die naderstaan, gee onse brakkie net een luide tjank en kom staan agter my bene.

Gou verloor die beeste egter belangstelling en kan ons aanbeweeg. Dit was hoeka sommer kommin beeste, die soort wat mens orals op gelykwêreld kry. Nie die linksom - of regsom tipe wat eie aan Lesotho is nie. 'n Bees hou mos nie daarvan om op en af te wei teen 'n steilte nie. Hy beweeg liewer heen en weer.

Soos ek altyd vir my peetkinders vertel het as hulle daar kom kuier het, is die Basoeto se beeste aangepas vir die steil hellings van die Malutiberge. Noem dit maar evolusie as jy wil. Party se regterbene het effe korter geword as hulle hul linkerbene. Die sogenaamde regsom variant. Dan kry jy ook die linksom tipe. Hulle linkerpote is weer korter. Albei soorte loop mooi regop solank as wat hulle net in die regte rigting wei.

As 'n linksom bees egter probeer omdraai om regs om te probeer loop en wei, dan val hy om. Net mooi andersom met die regsom beeste. Glo my, gaan kyk maar self.

So van beesmis gepraat, my oorle maat Hendrik Bosman het vir sy twee dogters hul eie perde aangehou langs sy huis in Ha Lejone. Op 'n dag is daar weer 'n klomp kleintjies uit Suid-Afrika wat kom kuier. Almal wil natuurlik perdry. Ons peetkinders is toe ook juis weer by ons en Annabelle reël dat die hele klomp kleuters al om die sportveld op die mak perde kan ry.

Heel middag is dit al om en om die veld. Kinders het mos nie end nie en hulle wou om die dood nie klaar gery kry nie. Kamemaatjie het die videokamera byderhand gehad om als op band vas te lê en toe sy nou rêrig moeg en pootuit was vir die al in die rondte met die perde, kondig sy hard en duidelik aan dat die batterye nou pap is en dat hulle nou maar sal moet ophou.

"Issie tannie," kap die kleine Carina Truys terug, "perde het nie batterye nie, hulle het bene."

Terug by ons uitstappie met Provence. Dis laat middag en ons moet nog berg uit om so hoog moontlik tent op te slaan. So verlate soos Lesotho mag voorkom, skop jy agter elke bos 'n beeswagttertjie uit. Om dus relatief alleen te wees, moet jy hoogte kry en ver van die naaste modderhuisies kampeer anders is daar geduring 'n paar bak handjies wat bon bon kom bedel. Daar moes op 'n tyd Franse sendelinge gewees het, want dis wat die kinders vandag nog lekkergoed daar noem.

Provence raak al hoe verder agter en toe Annabelle haar optel, merk ons haar pootjies is deurgeloop op die skurwe grond. Die bloed begin al deursypel op haar kussinkies. Al raad is toe maar om plek te maak vir haar in een van ons se rugsakke. So gemaak, kyk m'edem tevrede rond vanuit haar torinkie agter op Kamermaatjie se rug terwyl ons verder die steiltes uit beur.

Graag wil ek en Annabelle van hierdie geleentheid gebruik maak om vir ons lesers 'n Geseënde Kersfees en 'n witwarm nuwe jaar toe te wens. Dankie ook aan Pikkewyn en Rietbok se hulp en veral aan Ouwaas, sonder wie Kammanuus nie moontlik sou wees nie.

**Hennie Greeff**

**Doha, Katar**

**UITGEWER VAN KAMMANUUS**

# Om die kampvuur

## AFRIKAANS LEWE!

DIE duisterfluisteraars wat Afrikaans se dood voorspel, is van hul breinselle beroof. Dit is die gevolgtrekking waartoe 'n mens kom ná 'n gesprek met mev. Joey Basson, die baasbrein agter die Hoërskool Richardsbaai se Wilde Woordeboek.

Basson, vakhoof van Afrikaans by dié skool, het in 1993 met 'n projek begin om kinders aan te moedig om nuwe woorde in Afrikaans te skeep. Dié nuut-skeppings is in 1997 in 'n Wilde Woordeboek opgeneem. Die projek het sedertdien gegroei tot 'n landwyse wedstryd waarin oud en jonk nuwe asem in die taal blaas.

"Ons het vanjaar 587 nuut-skeppings aangeteken en ons is besig om te werk aan 'n nuwe Wilde Woordeboek. Volgende jaar wil ons twee nuwe afdelings vir die wedstryd skeep waarin deelnemers idioome en intensiewe vorme moet uitdink.

"Baie van die huidige idioome, soos agteros kom ook in die kraal, het geen betekenis vir vandag se jongmense nie. En wat beteken spierwit en potblou? "Die uitdaging is om nuwerwetse, eietydse nuut-skeppings uit te dink," sê Basson. Baie van die woorde wat in die vorige wedstryde geskep is, word reeds in die algemene spreektaal gebruik.

Een van die woorde wat veral gewild is, is **vloermoer**. Dit is die Wilde Woardeboek se antwoord op die Engelse "tantrum". Onder die nuutste Wilde Woardeboek-werpsels is selfs 'n Afrikaanse verklaring vir die "raves" waar jong mense hul lywe rondpluk. Van die voorstelle sluit in 'n **raaswals**, 'n **zombidans**, 'n **maltrap**, 'n **kopspin** of 'n **hottentotsgoddans**.

'n Oplossing word ook gebied om die Engelse "longdrop" te beskryf. Noem dit liewer 'n besoek aan die **plonsput**, die **dieptroon**, die **gemakgat** of die **plaaspardoems**.

Wanneer u volgende keer "spare ribs" wil bestel, verras die kelner met 'n versoek vir **evabeentjies**, **vleiskitaartjies** of **otgenot**.

Hoe gemaak met die lekker Engelse woord "stapler" waarmee 'n mens papiere bind? Probeer **draadjiedrukker** of **papiervampier**. Wat van iemand wat ongeskik verklaar word vir werk? Pleks om te sê hy is "geboard", laat die man liewer **sagte plankies kap**, sê hy **werk by die suikermyn**, hy is **onklaar verklaar** of hy is **gerak**.

Die Wilde Woardeboek is 'n goudmyn van lekkersê-woorde wat soms onverwags verras met raakvat-beskrywings. 'n Wilde Woardeboek-boodskap om iemand se Blou Maandag op te beur (met verklarings in hakies) kan byvoorbeeld só lui:

Is jy in 'n **perdebui** (bad mood) omdat iemand besig is om jou **handvatsels glad te vat** (jou rond te shunt)? Jy is mos nie 'n **sponskind** (softy) nie, jy is met daardie natuurlike **noedelhare** (spiral perm)? Of word jy nou 'n **tannetje hekel** (oulady)?

**Spin jy jou driewiel** (ook gooi 'n tantrum) omdat jy vanoggend weer beseft het jou vriend is 'n onrehabiliteerbare **skouervlieg** (back seat driver)? Dit sal my ook **ystervarke laat vang** ('n gasket laat blaas) as iemand heeltyd soos 'n **koopsebliefie** (rep) sy **stembande om my ore rek** (dis nag).

Hy het seker maar vanoggend weer 'n effense **bewelewertjie** (hangover) ná gisteraand se gekuier oor die **polisiekoffie** (halfjackie). As hy weer iets sê oor jou bestuursvernuf en jy **trek holrug** (kry die creeps), sê vir hom hy **soek vir gips en steke** (watch it)!

Gaan huis toe, groet die bure se **brommerboel** (brandsiek brak) en tooi jouself in jou mooiste **Saterdrag** (informele klere) vir daai **mog dit troffe** (blind date). As dit 'n **petofferige** (flashy) ou is wat met 'n **sardyntrein** (taxi) voor die deur stop, sê vir hom jy is **poegmoeg** (lights out) en wil liewer vanaand alleen wees.

Komaan, **klim uit die streskas** (unwind). Slaan 'n **vleismoessie** (stew) aanmekaar, haal die **jeugdeeg** (make-up) van jou gesig af en snik jou sorge weg in 'n **bloplappie** (tissue). Hou sommer ook môre 'n **vakbond-vastrap** voor jou werkplek en vra vir 'n verhoging om te betaal vir die **hysbakkies** (face lift) waarvan jy droom. Jip-jip? (okay?).

# Duskantlander in Anderkantland

## Afrika weet hoe om hitte te hanteer

**DANIËL BEZUIDENHOUT, 'n Namibiese vrou skryf uit Ghana.**

**I**n Akkra is daar net 'n dun doringdraad tussen en ons en die hel. Daar's seker warmer plekke, maar Akkra is heel naaste aan die nul-nul lengte- en breedtegrade. Hier beleef jy sonskyn en dit drup humiditeit. Sodra jy aanland op die lughawe, weet jy hier kom sports sodra die vliegtuig se venstertjies toewasem. Dan stap jy uit en jou bloes plak vas aan jou lyf en jou maskara loop in fênsie Parlotonestrepe

Jy verwag dat ons soos ou Boesmans bruingebak is, maar ons bly maar sku vir die son. As die son jou wel alleen beetkry, verskroei jy soos 'n brandblasie wat op die strand lê.

Vandag by die inkopiesentrum – haai ja, ons het darem nou al drie *malls* – sit ek die mense so en kyk. Van die mans het driestuk blink swart pakke aan, sweetdruppels lê soos blink pêrels oor die voorkop. Hitte of te not, hulle bly modebewus. Hier en daar is 'n antie met 'n verlepte sonsambreetjie en jong tieners wikkel in sulke optrek rompies. Daar's nie 'n luggie wat trek nie, maar slapende kindertjies word met lang lappe oor die rug vasgetrek en op die lamppaal sit die kraaie en gaap. Party Mammies voel seker nie die hitte nie.

Binne die winkelsentrum is daar net meer skadu, maar dis net so bedruk warm. Dink jou in, al daardie honderde warm asemes, en nêrens is daar 'n luggie wat trek nie. Kinders lê sommer so op die teëlvloer om af te koel, en wye mammies sit op al wat 'n winkelbankie is met hulle laprokke tot bokant die knieë opgetrek. Waai hulle vlieë of warm poepe weg? Die toue by die betaalpunte staan bankvas en ai, die wreedheid van winkeleienaars want natuurlik is net vyf van die twaalf punte beman.

By die roltrap is dit 'n ander sirkus. Mense kom spesiaal "stad" toe om bewegende trappe vir die eerste keer te beleef. Daars 'n sekeuriteidswag bo en onder die roltrap vir skarebeheer en om dié wat omval, weer regop te kry. Ouers staan trots reg met elekroniese borde en verewig hulle vrouens en kinders se eerste roltrap-rit op kammera.

Ons wat uitgespaar is, ry met lugversorging in die mouter, maar óm ons is die taxis volgebondel met die vensters almal oop. Nie een van die verkeersligte werk nie. Die spietkops staan doer onder die koeltebome.

Spietkops het sáák met die verkeer, want voordag is hulle sakke reeds volgestop met omkoopgeld. Almal sit geduldig; drupnatgesweet in die taxi's en wip-wip so effe sentimeters op 'n slag vorentoe.

Tussendeur die stywe snaarlyne van karre loop sonverbrande ouvel anties wat watersakkies van hul koppe af. So sakkie kos omtrent dertig sent en van die mense maak hulle deure oop, drink helfte van die water en hang dan halflyf uit die mouter en spuit res van die water oor hulle koppe. Miskien voel party tog die hitte aan?

Hier tussen die mouters kom 'n man wat sy eie houtkar saamsleep. Met sy kaal bolyf trek hy sy houtwa al singende. Hy is een van vele tweedehandse metaalversamelaars wat 'n paar munte verdien in hierdie Afrikason. Hy is potswart gebrand, maar hy wip koelkop soos 'n warmgebakte koggelmander tussen die verkeer rond.

Regs van ons, op 'n hardgebakte bruin stofveld, hol 'n klomp bont sokkerspelers rond. Hulle skree en fluit uitbundig agter 'n bal aan. Daar's geen einde aan hulle energie en rondhollery as die een 'n doelskop aanteken nie.

Die taxis se insittendes om ons blaas toeters en klap aan die karre se deure en dakke ter ondersteuning van die sokkerdoel. Met die skielike geharwar vlieg die warm kraaie stadig en laag oor die sokkerveld.

Afrika se hitte smelt ons almal in verskillende grade.

### **NOG 'N BLONDINEGRAP**

Die blondine moet 'n wagwoord vir haar rekenaar kies, en kies

MickeyMinnieGoofyPluto.

"Hoekom so 'n lang een?"

"Want hulle sê dit moet minstens vier karakters hê."

# Giggels

As jy 'n giggel wil deel, vonk dit aan [pos@onsdorp.com](mailto:pos@onsdorp.com)



## RAPPORT

Pa: "Laat ek jou rapport sien?"  
Seun: "Ek het dit nie, Pa."  
"Hoekom nie?"  
"My maatjie het dit geleen. Hy wil sy ouers daarmee skrikmaak."

## Hoekom . . .

. . . het so baie Jode groot neuse? Want die suurstof in die lug is gratis.

## KATKOS

Die bejaarde tante was laat vir haar brugklub en het nie tyd gehad om haar man se aandete te berei nie, toe maak sy sommer 'n blikkie katkos vir hom warm en los dit vir hom in die oond.

Sy het later aan haar brugmaats vertel hoe verras sy was dat hy die katkos baie geniet het.

Sy het hom nie vertel wat dit was nie, maar sedertdien weier hy om enigiets anders te eet. 'n Paar weke later is hy dood.

"Ek het nie gedink dis 'n goeie idee nie," sê een van die lede.  
"Ek het gedink dit sal tot sy dood lei."

"O, dit was nie die katkos se skuld nie," antwoord sy. "Hy het van die kaggelrak afgeval en sy nek gebreek."

"Wat het hy op die kaggelrak gemaak?"

"O, dit was sy gunsteling lêplek. Maar hy het probeer om sy been te lig en tussen sy bene te lek en toe val hy af."

## APPELS EN KOEKIES

Onlangs vertel die vorige burgemeester van Read, Pennsylvania dat hy eenkeer weer gestaan het vir nog 'n termyn as burgemeester. Hy was in 'n kroeg en betaal toe daar vir 'n vrou se drankie.

Sy bedank hom, maar wonder hoekom 'n vreemdeling vir haar drankie sou betaal. "Ek staan vir burgemeester," sê hy vir haar, "Ek wil jou stem hê."

"Dit gee ek met graagte," sê sy, "Enigene is beter as die ou wat nou daar is."

## KINDERGEBEDJIE

'n Klein dogtertjie bid een aand: "Jesus dankie vir die kos. Amen." Haar ma sê: "Maar wat van pappa en mamma?"

Sy bid: "Jesus dankie vir die kos en vir mamma en pappa. Amen."

Ma: "Maar wat van jou boetie en sussie?"

Sy bid: "Jesus dankie vir die kos en vir mamma en pappa en vir boetie en sussie. Amen."

Ma: "En wat van jou klere?"

Sy bid: "Liewe Jesus hou net aan, my ma wil met jou praat..."

Pa: "Laat ek jou rapport sien?"

Seun: "Ek het dit nie, Pa."

"Hoekom nie?"

"My maatjie het dit geleen. Hy wil sy ouers skrikmaak."

## ANDY CAPP deur Smythe



# Uit die Wakis

## Stories vir die vaak

### Vertroue sonder grense



'n Vegvlieënier stap by 'n kroeg in en gaan sit langs 'n aantreklike vrou. Hy kyk dan ongeërg na sy nuwe Apple-horlosie.

Die vrou sien dit, en vra: "Is die persoon wat jy verwag bietjie laat?"

"Nee," sê hy, "ek het pas hierdie hoogs gevorderde Apple-horlosie gekoop en het hom net gou getoets."

"'n Hoogs gevorderde Apple-horlosie? En wat is so vreeslik spesiaal aan hom?"

"Hy gebruik alfaritmes om telepaties met my te kommunikeer."

"Nou toe nou! En wat sê hy vir jou?"

"Hy sê ek sit langs 'n baie aantreklike vrou wat nie 'n broekie aanhet nie."

Die vrou lag. "Wel, hy moet stukkend wees, want ek het definitief 'n broekie aan!"

Die vlieënier grynslag, tik op die horlosie en sê: "Kan jy glo! Die ding is splinternuut en hy is klaar 'n hele uur vinnig!"

**En dit, liewe lesers, is wat 'n mens grenslose selfvertroue noem!**

### 'n Kwessie van ontwerp



Ferdinand Porsche, die beroemde ontwerper van motors, kom by die hemelpoort, waar Petrus hom inwag en sê:

"Meneer Porsche, vanweë u groot prestasie betreffende die ontwikkeling van motors mag u een wens uitspreek."

"Goed," sê Porsche, "laat ek dan maar 'n uur lank met God babbel." Petrus neem hom na die troonkamer en stel hom aan God voor.

"Beste God," sê hy, "waar was u gedagtes toe u die vrou uitgevind het?"

God: "Wat bedoel jy?"

"U ontwerp is besaai met foute. Die voorkant is nie aerodinamies en raas glad te veel. Die onderhoudskoste is geweldig hoog en u ontwerp is vyf dae van die maand volkome nutteloos.

"Die agterkant hang te los en die produk moet gereeld weer geverf en afgewerk word.

"Die uitlaat sit te naby aan die inlaat en die koplampe is te klein en raak gou pap. En die brandstofverbruik is baie hoog."

God het so bietjie nagedink oor Porsche se besware, en antwoord toe:

"Meneer Porsche, dit mag alles baie waar wees. Maar volgens statistieke ry daar baie meer manne met my uitvinding as met joune."

# Moenie skiet nie!

Die man en sy drywer kom een aand laat tuis en trippel saggies slaapkamer toe. Die man skakel die lig aan, ruk die kombnerse af en sien daar lê 'n vreemdeling saam met sy vrou in die bed.

Hy ruk sy pistool uit en druk dit teen die man se kop.

"Wag!" skree sy vrou. "Moenie skiet nie! Ek het gelieg tot ek gesê het ek het die geld geërf.

"Hy het vir die Porsche betaal.

"Hy het vir die seiljag betaal.

"Hy het vir jou kaartjies na die Wêreldbekerrugby betaal.

"Hy het vir ons vakansiehuis langs die meer betaal.

"Hy het vir jou Amerikaanse gholftoer en die viertrekvoertuig betaal.

"Hy betaal ook my krediekaartrekening!"

Die man skud sy kop, draai na sy drywer en vra:

"Wat sal jy nou doen?"

Drywer: "Trek die kombners oor hom, netnou kry hy 'n verkoue."



Die vrou vat haar 16-jarige dogter dokter toe.

"Wat is die probleem, mevrou?"

"Dis my dogter, Debbie. Sy kry hierdie hunkerings na lekker eetgoed. Sy sit gewig aan en is meeste van die oggende siek."

Die dokte ondersoek Debbie deeglik, draai na die moeder en sê:

"Wel, ek weet nie hoe om dit aan jou te vertel nie, maar jou dogter is swanger."

"Swanger?! Onmootnik! Sy was nog nooit by 'n man nie! Was jy, Debbie?"

"Nee, ma! Ek het nog nie eers 'n man gesoen nie! Ek is nog 'n maagd!"

Die dokter stap na die spreekkamer se venster en staar lank na buite.

Ná 'n paar minute vra die ma of daar iets verkeerd is.

"Nee, mevrou. nie regtig nie. Dit net dat die laaste keer toe so iets gebeur het, het daar 'n ster in die Ooste verskyn en drie wyse manne het oor die heuvel gekom. En daar is geen manier wat ek dit hierdie keer wil mis nie!"

# O, koek!



Ek was nou die aand saam met die girls uit nadat ek my man belowe het dat ek om middernag tuis sal wees.

Maar die ure het vinnig verbygegaan, en die margaritas het net so maklik afgegaan. Om 'n lang storie kort te maak: Ek is eers skuins voor drie daar weg.

Toe ek by die voordeur ingaan, het die koekoekklok in die portaal drie keer gekoekoek en vertel dis drie-uur.

Ek het vinnig gedink, besef my man sal waarskynlik nou wakker wees en ek wil tog nie nou 'n woordewisseling met hom aanknoop nie.

Ek het vinnig nog 9 koekoeks gemaak, want  $9+3 = 12$  en 12 is middernag.

Die volgende oggend sê hy ons sal die koekoekklok moet laat regmaak.

"Hoekom?" vra ek.

"Want laasnag het hy drie keer gekoekoek, en toe sê hy 'o donner' en toe koekoek hy nog vier keer, maak keelskoon, koekoek nog vyf keer, giggel, val oor die koffietafel en poep kliphard."

## VREEMD, MAAR WAAR

- ◆ Donald Duck strokiesprente was verban in Finland omdat hy nie 'n broek dra nie.
- ◆ Weens die skaarste van metaal is die Oscars tydens die Tweede Wêreldoorlog van hout gemaak.
- ◆ 'n Rot kan langer sonder water leef as 'n kameel.

# Briefwisseling met Kersvader

**Liewe Kersvader**

Hoe gaan dit met Oom? En met Tannie Krismis? Ek hoop al die takbokke en die Elwe is ook almal gesond.

Soos u seker weet, was ek die jaar 'n baie soet seun. Ek sal asseblief 'n X-Box 360 met Grensvegter klaar gelaai, en 'n nuwe Apple iPhone 5 wil ontvang vir Kersfees.

Groete en 'n Geseënde Kersfees,  
Bennie Botha

**Liewe Bennie**

Dankie vir jou mooi briefie. Die tannie, die takbokke en al my helpertjies is almal blakend gesond en hulle laat weet dankie dat jy uitvra na hulle. Kersvader is egter bekommerd dat jy te veel tyd spandeer met videospeletjies en selfoontekse stuur.

Jy is juis besig om bietjie lywig te raak weens te min oefening. Daarom, en omdat jy so soet was, dink ek dat ek liever vir jou ietsie gaan bring waarmee jy buite kan speel en van daai ekstra vetjies ontslae raak.

Geseënde Kersfees,  
Kersvader

**Geagte Mnr. Kersfees**

Siende dat ek my deel van ons soet teenoor stout kontrak nagekom het, voel ek vol vertrouwe dat u 'n plan sal maak om my te gun wat my toekom. Ek wil nie graag hierdie feestyd skend en omskep in 'n hofgeding nie. Verder dink ek dis bietjie vermetel om te verwys na my gewig, veral komende van 'n oorgewig man wat maar een keer per jaar buite kom.

Hoogagtend die uwe,  
Ben Botha

**Meneer Botha**

Hoewel ek toegegee het dat jy jou beter gedra het die jaar, moet ek jou daarop wys dat jou Kerslys slegs 'n versoeklys is en op geen manier 'n waarborg is dat dienste gelewer sal word nie. Dis egter jou volle reg om wetlike stappe te neem, maar neem kennis dat ek en my prokureurs al suksesvol sake doen sedert Dierebeskerming my aangevat het oor die werkslas van my takbokke.

Ek is dus meer as gewillig om jou aan te vat in die hof. Verder wil ek ook net byvoeg dat die oefening wat ek voorskryf, nie net jou gesondheid sal verbeter nie, maar dit sal jou ook help met jou sosiale interaksie en selfs van daardie klomp puisies op jou gesig laat opklaar.

Die Uwe,  
Kersvader

**Kyk hier Vettie**

Ek het jou nou klaar laat weet wat ek wil he en ek verwag dat jy dit vir my gaan bring. Ek was maar net beleefd. Maar nou, omdat jy my in die gesig vat en my vriende ook nog bysleep, gaan ek hulle juis teks en ons gaan vir jou met jou dikgat inwag en ek gaan VAT uit daai sak van jou NET WAT EK WIL!

Breker Botha

**Luister Pizzagevreet**

Is jy gerook? Dink jy 'n ou wat by ELKE huis in die wereld inbreek in een nag, sonder om gevang te word, gaan skrik vir 'n snotneus soos jy? Ek weet wanneer jy slaap en ek weet wanneer jy wakker is, jou klein stront. Besef jy hoeveel kontakte ek het, my pel? Ek is bedraad, ou maat! Op my rondtes sien ek siek goed. Ek het maniere om jou te laat bloei waar mens nie wil bloei nie. As ek jou moet vertel, skiet jy net daar 'n kat op jou ma se duur persiese mat. Wees verseker jy gaan nie kry wat jy voor gevra het nie, maar ek gaan steeds opdaag en dan kan ons bietjie jou pyndrumpel toets.

KV

**Liewe Kersvader**

Bring vir my net wat jy wil, ek sal ENIGE IETS waardeer!

Bennietjie

**Bennie**

Ek het so gedink, jou klein pes.

# Stamboom

## Help ons familiesoekers

**BOSHOFF** veronicafourie@ymail.com

Soek inligting oor Petrus Filipus Boshoff gebore 3 Mei 1905, Springfontein distrik Phillipolis. Oorlede 1 Junie 1956 Trompsburg.

**COETSEE** siasheleen2@telkomsa.net

Ek het alreeds die Coetsee stamboom nagevors maar ek is opsoek na my ouma aan vaderskant se familie. Haar name was Catharina Fredrika van Niekerk getroud met Nel, Coetsee en Venter. Gebore 1883 sterf 1965 Schweizer Reneke. Catharina Fredrika Van Niekerk Gebore 1883 Sterf 1965 Schweizer Reneke.

**CRONJE** marinda@e-con.co.za

Sal graag die familie boom wil sien. Pa Cornelius Coenraad Cronje seun van Pieter & Marie Cronje plaas nooitgedag, Newcastle.

**JANSEN VAN VUUREN** bbproperties@iway.na

Ek is op soek na afstammeling van ene Susanna Aletta Jansen van Vuuren. Sy was getroud met Jan Sarel Marthinus "Louis" Venter. Hulle het een doger gehad met die naam Barabra Jacoba Christina Venter gebore: 23.1.1913 en oorlede: 20.2.1958. Sy was getroud met Theunis Cornelius (Oubok) Buys. Sy het nog 1 suster en 4 broers gehad, soos ek verstaan maar het nie enige verdere info.

**RAATZ** raatzmoira@gmail.com

Hendrick James Daniel Raatz. Gebore 16/04/1911 Touwsrivier. Ouers John en Katriena Raatz. Gedoop in die Berlynse Evangeliese Sendingskerk, Laingsburg, Oorlede in Kaapstad 28/02/1967

**RHEEDER** lana.rheeder@yahoo.com

My oupa was Cornelius Benjamin Rheeder. Ek het nie veel meer inligting oor hom nie. My pa is Philipus Johannes Antonie Rheeder. Hy is gebore op 10 April 1940. Getroud met Franscina Helena Barendina op 18 April. Sy is gebore op 4 Februarie 1949.

**SMITH** maizie.s@clear.net.nz

Sou graag skakel met een of meer van my niggies en neef, Hilna, Essie en Dessie Botes. Het hulle laas gesien in die jare vyftigs by die begrafnis van hulle vader (my Oom Bos Botes). Hulle moeder se naam was Thora.

**TEMPEL / VAN DER MERWE** stempel@vodamail.co.za

Ouers: Jan-Hendrik Tempel en Aletta Van de(r) Merwe(de).

Pa se Ouers: Douwe Tempel en Adriana Oosthuizen.

Ma se Ouers: Fred Van de(r) Merwe(de) en Elizabetha Magrietha Johanna Zowitzkey.

Grootjies: Izak Jacobus Van de(r) Merwe(de) en Aletta Johanna Cecielia Christina Uys, Douwe Tempel en Petronella Zacharia Coetzer, Zacharias Andrias Zowitzkey en Catharina Louisa Maria Sophia van Niekerk, Jan Hendrik Oosthuizen en onbekende moeder.

Stamvaders: Hendrik-Jan Tempel (kom hier aan 1888); tr Hinderkien Rypma en Willem Schalksz (oon) Van de(r) Merwe(de) (kom hier aan 1661); tr Elsje Cloete.

**VAN VUUREN** veronicafourie@ymail.com

Ek is op soek na inligting oor Hercules Frederik van Vuuren, gebore 24/11/1900 en oorlede 11/4 1965. Getroud met Jacoba Aletta Catharina Johanna Verwey, gebore 1907 en oorlede 1950.



## Doedelsakke

◆ Hoekom stap doedelsakspelers wanneer hulle speel? Om weg te kom van die geraas.

◆ Wat is die verskil tussen doedelsakke en uie? Niemand huil as jy uie stukkend sny nie.

◆ Wat is die verskil tussen 'n grassnyer en 'n doedelsak? Jy kan die grassnyer instel en jou buurman is kwaad as jy nie sy grassnyer terugbring nie.



# AGTEROS

## Net voor uitspantyd



“

Soos 'n mamba slaat my Pa vir Slimpiet in die krop van sy maag.

Deur  
**DANIËL BEZUIDENHOUT**

**M**y Pa was loshande 'n witwarm omie op sy dag. As kind het ek die allerheiligste ontsag vir hom gehad. Hy het net één ernstige reël gehad: Jy vrek eerder, maar lieg mōg jy nooit vir my nie. Hy sou my kon red vanuit die wreedste tronk as dit moes, maar boeta, bewaar jou gatvelle as jy lieg.

Met sy eiesoortige wysheid het hy geglo ons moes gou op 'n vroeë ouderdom ons eie lewenslesse leer. Een van die belangrikste lewenslesse was om te weet wanneer om te vra vir hulp. In my matriekjaar besluit my pa ek is beslis oud genoeg om self skool toe te ry met so wiggat Volkswagen Golfie. Sonder lisensie sou hy my kom red as die poliëste of spietkoppe taai raak.

So is dit mos dat die kief ene met vervoer almal oplaai vir die sokkiejol. Ons gunsteling dansplek was Tuks se bokjol sokkies. Die Kaap was Hollands, solank ons net voor Aspoestertjietyd tuis was. Een aand dans onself nog so amper in beseringstyd in, toe gryp een Slimpiet my motorsleutels.

Die tyd staan nader aan twaalf en Slimpiet staan en swaai sy sesvoet wynlyf sonder om die sleutel te oorhandig. Al die gesoebat en gepaai val op dowe ore. Einde ten laas gaan skakel ek my pa van 'n tiekieboks en sê hy moet maar kom, want ek het nou als probeer. Wetende dat Slimpiet my pa nie ken nie, waarsku ek hom so ewe dat my pa in nét tien minute op die toneel sal wees. Sy makkers staan bankvas agter hom en koggel ons dansmaatjies se benoudgeit.

My Pa was nie 'n groot man nie, intendeel. Sy vyf-voet-vyf het niemand geïntimideer nie. Hy het ouer gelyk met 'n bos sout-en-peper hare, taai bruingebrand van sonwerk op die plaas. Hy was altyd doodkalm en het rustig gepraat met so speelse glimlaggie om die mondhoëke. Nou ja, toe my pa uit met sy pantoffels uit sy mouter klim - pantoffels aan die voete, toegeknoopte japon, pyp in die mondhoek - lê Slimpiet en sy makkers soos hulle hom uitlag.

Toe die gelag effe bedaar, gaat staan my Pa so viervoet voor Slimpiet. In sy beste Trinity verpersoonliking verduidelik my pa dat hy net een keer mooi gaan vra vir die karsleutels. Weereens 'n gejou en gekoggel vanuit die *peanut* gallery. Ek staan piepmuis-grootte en asem ophou agter my pa se blad. Die volgende oomblik gebeur als so vinnig, dis oor voordat jy kan sê GATSLAG! Soos 'n mamba slaat my Pa vir Slimpiet in die krop van sy maag. Hy vou dubbel soos 'n knipmes. My a gryp hom agter beide ore en breek sy neus met 'n netjiese kniebeweging.

Daar lê Slimpiet en skree soos 'n vark wat geslag word, sopnat in die nat gras voor die manskoshuis. Sy makkers het almal 'n paar meter terug gerittereer. Tussen bloed en snotborrels oorhandig Piet die sleutels met 'n bewende hand aan my pa.

My Pa draai om, knipoog en sê doodluiters: "Sien jou by die huis, of bel net, dan kom ek, dag of nag" en stap rustig terug na sy mouter. Hy was my superheld en het my laat voel dat als in die lewe oorkombaar is.

Ek was 'n brose negentienjarige snuiter toe sy liggie lank voor sy tyd gedoof is. Te veel vinnige mouters en nog vinniger vroue was sy einde. Hoe wens ek nie ek kon nog jare later van sy wysighede leer nie.

Eers jare later het ek begin verstaan van klein mannetjies se Napoleon sindroom. Miskien het my Pa op kindsbeen al Slimpiet boelies uitgesorteer? Viva, Napoleon!